Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-10-11

Liewe Ouers

Ons graad R kleuters betree volgende jaar ‘n nuwe wêreld en fase van hul lewe as hul graad 1 toe gaan. Laerskool Lochnerhof is passievol oor hul waardestelsel wat gebaseer is op die leuse van ons skool, ROTSVAS. Dit staan vir die volgende:

R : RESPEK

- Ek behandel onderwysers, werkers, ouers, maats en besoekers met respek en praat ordentlik met hulle.
- Ek respekteer ander se eiendom. Dit sluit in my maats se eiendom, die skool se eiendom, asook my eie eiendom.
- Omdat ek ander respekteer, knou ek nie ander kinders af nie, baklei ek nie en sê ek ook nie dinge van en vir ander wat hulle kan seermaak nie.
- Ek luister met respek na ander en wag my beurt af om te praat

O : ORDE

- Wanneer ek klasse wissel of aantree, doen ek dit op ‘n ordelike manier.
- Ek dra by tot goeie orde in die skool deur onberispelike gedrag.
- Ek is nie sonder toestemming in die gange, in klasse, in die saal of in die badkamers nie.
- Ek eet nie sonder toestemming in die skoolgebou nie.

T : TROTS

- Ek dra die voorgeskrewe skool- en sportdrag met trots
- My voorkoms, kleredrag, hare en naels wys dat ek trots is op myself en my skool
- Ek is trots op ‘n netjiese terrein, saal, badkamers en klaskamers; daarom gooi ek alle rommel in ons Anker Trots-dromme
- Ek is trots op my taal en gebruik daarom nie vuil of onwelvoeglike taal nie
- My skoolwerk is my trots; daarom sorg ek dat my boeke altyd netjies en volledig is.

S : STIPTELIKHEID

- Dit is vir my belangrik om altyd betyds te wees vir skool, elke klas, aantree by rye en buitemuurse aktiwiteite
- Ek is nooit onnodig afwesig nie
- Ek voltooi my take en huiswerk stiptelik en handig dit betyds in

V : VEILIGHEID

- Ter wille van my eie veiligheid tree ek verantwoordelik op en verlaat ek nie die skoolterrein sonder toestemming nie.
- Ek speel nie op gevaarlike of ontoelaatbare plekke nie en speel ook nie gevaarlike speletjies op die skoolterrein nie.
- Ek bring nie gevaarlike speelgoed of ander verbode items skool toe nie.
- Ek laat weet my afrigter indien my vervoerreëlings verander.

A : AANSPREEKLIKHEID

- Ek kom my verantwoordelikheid om korrespondensie aan my ouers deur te gee, na en bring afskeurstrokies betyds terug.
- Dit is my verantwoordelikheid om al my toetse, take, ens. aan my ouers te wys en te laat teken.
- Ek bring altyd ‘n afwesigheidsbrief van my ouers of van die dokter as ek afwesig was.
- Ek gebruik my selfoon verantwoordelik volgens die voorskrifte.

S : SELFSTANDIGHEID

- Ek aanvaar verantwoordelikheid vir my eie gedrag en gee nie die skuld vir ander nie.
- My akademiese vordering is my eie verantwoordelikheid; daarom lewer ek altyd my bes, doen my eie werk, berei deeglik voor en bring my dagboek skooltoe.
- Ek handhaaf die nodige selfdissipline in die klas en het nie iemand nodig om my gedrag voortdurend te monitor nie.

Meeste van hierdie is nog nie op ons kleuters van toepassing nie, maar ons gaan vir die res van die kwartaal ons eie ROTSVAS reëls instel, nl.

RESPEK: Alles soos hierbo genoem!
ORDE: Ons tree aan in netjiese rye en stap netjies na ons klaskamers.
TROTS: Ek is trots op ‘n netjiese terrein, badkamer en klaskamer; daarom gooi ek alle rommel in ons dromme.
STIPTELIKHEID: Ek word betyds by die skool afgelaai en kom nie eers in die klas in as die onderwyseres reeds begin het nie.
VEILIGHEID: Ek klim op die sypaadjiekant uit my pa/ma se motor en stap oor die voetoorgang skool toe.
AANSPREEKLIKHEID: Ek pas my eie klere op, so ek bêre my baadjie/top en my skoene/plakkies self in my tas as ek dit by die skool uittrek.
SELFSTANDIGHEID: Ek aanvaar verantwoordelikheid vir my eie gedrag en gee nie die skuld vir ander nie.

BEKENDSTELLINGSDAG vir 2025 KLEIN LOCHIELAND LEERDERS en OUERS
Ons jaarlikse bekendstellingsdag vind plaas op Saterdag 9 November. Ons huidige graad RR kleuters en ons nuut ingeskrewe graad RR en R-kleuters kom ontmoet hul nuwe juffrou by die skool in hul nuwe klassies. Ouers is albei welkom, maar verkieslik nie boeties en sussies nie, asb. Hierdie is hulle spesiale dag om hul juffrou te ontmoet!

Ons huidige graad R-kleuters het hul bekendstellingsdag op Saterdag 16 November by die Laerskool waar hulle hul nuwe graad 1 onderwyseresse gaan ontmoet. Meer inligting volg later.

GRAAD R-INLIGTING:

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)
Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 10 Desember plaas. Die kostes beloop **R200-00** per kleuter en moet asb. voor Vrydag 22 November betaal word. Plaas die korrekte bedrag in ‘n koevert met “oorslaapaand” en u kleuter se naam voor-op, asb. Daar is heelwat aankope wat ons vir dié aand moet doen (Kersvader kom o.a. kuier, ons verskaf aandete en ander verrassings wat ons graag “geheim” wil hou).
Ons sal later volledige inligting oor die aand gee. Dit is ‘n hoogtepunt in die kleuters (en juffrouens) se jaar!
LET WEL: Onderwyseresse en assistente slaap saam met die kleuters in die klasse en daar sal ook verantwoordelike persone wees wat die terrein gedurende die nag patrolleer.

GRAAD R-SPORT
Graad R-kleuters wat tennis, hokkie en netbal doen moet asb. hierdie kwartaal tekkies aantrek, want die bane word baie warm. Die hokkie-kleuters moet hul eie hokkiestokke en balle bring en die tennis-kleuters hul eie rakket en tennisbal, asb.

Ons tema vir volgende week is: **REPTIELE**

Ons persepsies is: Getal: **10 en tiende**
Klank: **s-klankie**

Oefen: **Veters vasmaak**

Assessering:		**Huppel en galop** **Simmetrie** **Skep eie patrone**
Saterdag	12 Oktober:	***Vlieërdag by die Laerskool. Almal is welkom!***
Maandag	14 Oktober:	***Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n s-klankie, asb.***
Dinsdag	15 Oktober:	Ons maak 'n slang met verskillende skakels
Woensdag	16 Oktober:	Bak-en-Brou: Skilpad
Donderdag	17 Oktober:	Versier 'n akkedis
Vrydag	18 Oktober:	Skoolhempies en lekkertjiedag

GRAAD RR-INLIGTING:

AFSLUITINGSFUNKSIE: WOENSDAG 6 NOVEMBER

Ons wil graag die jaar op 'n hoogtepunt afsluit, daarom hou ons 'n graad RR-afsluiting op Woensdagaand 6 November. Kostes vir die kleuters beloop R180-00 wat 'n geskenkie en 'n gradeplegtigheidsfoto insluit. Gelde kan in 'n toegeplakte koevert skool toe gestuur word, met u kind se naam en 'Afsluitingsfunksie" daarop, asb. Meer inligting volg later.
Kleuters moet asb. op hierdie aand wit klere aantrek.

GRADEPLEGTIGHEIDSFOTO'S: WOENSDAG 30 OKTOBER

Sunel Jordaan Fotografie gaan op Woensdag 30 Oktober ons Gradeplegtigheidsfoto's kom neem. Kleuters kan op daardie dag hul skoolhempies aantrek. Kostes is ingesluit by die afsluitingsfunksie se gelde.

Ons tema vir volgende week is: **WILDE DIERE**

Ons persepsies is:
Getal: **3**
Klank: **o-klankie**

Oefen: Jou adres en verjaarsdagdatum

Saterdag	12 Oktober:	***Vlieërdag by die Laerskool. Almal is welkom!***
Maandag	14 Oktober:	Ons maak 'n olifant
Dinsdag	15 Oktober:	Ons teken 'n kameelperd
Woensdag	16 Oktober:	Ons teken 'n leeu
Donderdag	17 Oktober:	Bak-en-Brou: 'n Leeu
Vrydag	18 Oktober:	Skoolhempies en lekkertjiedag

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel